
# SET THE CAPTIVES FREE



## BELYDENIS

van die Wortels van alle Siektes & Ellendes

Berashith Ministry

Uitgegee deur:
*Berashith Ministry*

© 2021
Eerste Uitgawe November 2021
Tweede Uitgawe September 2024 Weergawe 2.0

Voorblad-uitleg deur Utilisoft
Kallie du Plessis

Alle Skrifaanhalinge uit E-Sword

Daar is geen kopiereg op die materiaal nie.
Maak asb soveel kopieë as nodig vir gratis verspreiding.
Nie vir herverkope nie.
PDF - Formaat

Volledige YouTube leringe is beskikbaar op ons webblad
www.berashithministry.co.za
e-pos: BethesdaHealingOasis@gmail.com

# GEBED VAN BELYDENIS VIR ALLE SIEKTES EN ELLENDES

# PRAAT MET JOU BERG!

Here, vandag kies ek om op te staan vir myself, vir my familie en vir my bloedlyn. Ek kies om al ons sondes voor U te bely. Ek vra U, Here, om ons sondes, hede en verlede, deur die Bloed van Yashuah te bedek. Ons bely vandag dat ons 'n Verlosser nodig het! Dankie dat U die geestelike wortels van ons siektes aan my geopenbaar het.

**Ek praat nou met al die siektes en ellendes in my bloedlyn.**

Ek bely gewilliglik al die **geestelike wortels** van hierdie siektes en ek kanselleer hiermee alle wetlike regte in my lewe, my bloedlyn en DNS, terug tot by Adam en Eva, en in dié van al my nageslagte tot in ewigheid.

- Ek bekeer my, Here, van ons afhanklikheid van medikasie en dokters, en bely dat ons U, ons Jehovah Rapha, nie vertrou het vir ons volkome genesing nie.
- Ek verwerp alle ooreenkomste met die heksery van "pharmakeia".
- Leer my asseblief die waarheid oor U goddelike genesing!

Ek bely alle verbonde wat ons met **Satan se Koninkryk** gesluit het, wetend of onwetend.

- Ek het berou oor elke vorm van okkultisme.
- Ek het spesifiek berou oor enige betrokkenheid by Vrymesselary, op elke graad.
- Ek verwerp enige kinderoffers aan die koning van Molog.
- Ek bely alle verbonde wat met die Koninkryk van duisternis gesluit is deur Ossewa Brandwag, Broederbond, Rooms-Katolieke Kerk en enige ander valse godsdienste, alle vorme van seksuele perversie, godsdienstige geeste, heksery, satanisme, bloedvloei, rebellie, mensgemaakte leerstellings, afgodery, kinderdoop en enige ander ongenoemde goddelose verbonde.

- Ek bely alle duistere en onrein offers en geheime en vra U, Here, om my bloed te reinig en alle merkers uit my DNS te verwyder.
- Ek bely namens myself en my bloedlyn alle trots en hoogmoedige gesindhede wat verband hou met rassisme en vooroordeel. Ek erken vandag dat Yashuah ALLE mense nooi om na Hom te kom, ongeag ras, geslag of ouderdom, en dat Hy ons almal ewe lief het. Gee my asseblief U liefde vir alle mense, Here, want my eie liefde is onvoldoende.

Ek bring na U, Yashuah, die volgende **vrese**:

- Vrees vir mislukking. (Ek verklaar dat daar in U, Here, geen kans vir mislukking is nie! In al my pogings in die lewe is ek óf suksesvol, óf ek leer iets.)
- Vrees vir skeiding. (Ek staan op die belofte dat U my nooit sal begewe of verlaat nie!)
- Vrees vir die toekoms (Ek besef dat U reeds in die toekoms is en daar vir my wag.)
- Vrees vir siekte. (Deur U wonde is ek genees!)
- Vrees om bespot te word. (U is bespot, Here, en ek wandel met graagte in U voetspore.)
- Vrees vir die verlies van besittings, my selfbeeld en mense waarop ek staatmaak. (Ek verklaar vandag dat U alles is wat ek nodig het!)
- Vrees vir die dood. (U het die sleutels by Satan geneem en die kettings van die dood en van sonde gebreek!)
- Vrees vir die lewe. ("Moenie bang wees nie, want Ek is met jou.")
- Vrees vir impotensie en ontoereikendheid. (Ek kan alles doen deur Christus...)
- Vrees dat my integriteit betwyfel word. (U is self valslik beskuldig, Here, en ek, u dissipel, is nie meer as U wat my Heer is nie.)
- Vrees om beheer te verloor. (Ek gee die beheerknoppies van my lewe aan U oor, Jesus!)
- Vrees om myself uit te druk en om misverstaan te word. (Ek kies van nou af om nie die opinies van mense te vrees nie, maar om net die Lewende God te vrees.)

- Vrees vir oudword. (Ek is nie meer bang om my krag, identiteit, mobiliteit, selfbeeld of waarde in die lewe te verloor nie. Ek kies vandag om my ouderdom te aanvaar. Ek is kosbaar in God se oë en Hy heg waarde aan my!)

**Gees van Vrees, ek verdryf jou uit my lewe en my bloedlyn uit, terug tot by Adam en Eva en vorentoe! God het my nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van liefde, krag en 'n gesonde verstand!** Ek beveel ook alle **stres** en **angs** om my liggaam, siel en gees te verlaat! Ek vervloek julle en al julle wortels tot in ewigheid!

Ek bekeer my van die volgende **gesindhede** en bring dit na die kruis van Jesus:

- Hardheid van hart, bitterheid, woede, wrok, haat, wraak, onvergewensgesindheid, irritasie, aggressie, twis, kritiek teenoor myself en ander, trots, hardkoppigheid, onbuigbaarheid, negatiwiteit en my konstante begeerte om myself, ander mense en situasies te beheer.
- Ek bekeer my van teenstand, geweld, laster, verwerping, afguns en jaloesie.
- Ek bekeer my van my gewoonte om ander te blameer vir my foute en vir my situasie.
- Ek is volwasse genoeg om volle verantwoordelikheid te neem vir my eie optrede en vir die besluite wat ek in die verlede geneem het.
- Ek bely ook my gewoonte om myself onwetend en genadeloos te blameer. Ek is volwasse genoeg om te besef dat ek soms situasies beleef waarvoor ek nie verantwoordelik is nie.
- Ek bely dat ek hierdie emosies en denkpatrone vir sò lank in my lewe toegelaat en gekoester het. Ek besef vandag dat hierdie emosies wetlike reg aan Satan gegee het en deure vir hom oopgemaak het om my lewe en bloedlyn binne te gaan en ons te martel.
- Ek vra vergifnis en aanvaar dat die Bloed van Jesus reeds vir al my sondes betaal het.

Ek bring na U kruis, Yashuah, die volgende **emosies**:

- Gevoelens van hartseer, skaamte, vernedering, verwerping, belediging, skuldgevoelens, self-verwerping, self-bitterheid, selfhaat, self-straf, onstabiliteit, lae selfbeeld en eensaamheid. Ek vra U, Here, om my volkome hiervan te herstel.
- Ek bring na U my gevoel dat ek nie ondersteun word nie, die gebrek aan liefde en my onsekerheid. Ek weet nou dat my geluk nie afhang van mense om my te ondersteun en lief te hê nie, want U liefde en U teenwoordigheid is voldoende!
- Ek bring na U die gevoel van skeiding, verlating, gebrek aan vertroue, spyt, onwaardigheid, misbruik, alle wantroue, hulpeloosheid, konstante bekommernis, gebrek aan selfrespek, depressie, opgehoopte selfbejammering en devaluasie van my fisiese voorkoms.
- Ek lê voor U voete, Here, enige teleurstellings en hartseer as gevolg van gebroke beloftes. Ek verklaar vandag dat ek op U alleen vertrou, Here. U is waaragtig en betroubaar en sal nooit die beloftes wat U aan my gemaak het, verbreek nie.

Ek kies vandag, Here, om alle mense vrywilliglik te **vergewe.**

- Elkeen wat my verwerp en mishandel het, in die rug gesteek het, in die gesig geklap het, oor my geskinder en my verneder het.
- Elkeen wat my beroof het, gekritiseer en misbruik het, my gehaat en verwaarloos het.
- Ek gee gewilliglik alle wrokke teenoor hierdie mense prys en verklaar dat hierdie verhoudings deur Yashuah herstel word.
- Hy herstel ook my verhouding met myself, met God, met elke lid van my familie, met my kollegas en my vriende... Ek is lief vir hulle en hulle is lief vir my!
- My hart is nie meer gebreek nie, maar genees en herstel deur die Groot Geneser!

Ek kanselleer die **Liefdelose Gees**, in die Naam van Yashuah HaMashiach!

- Ek is nie meer soekende na liefde nie, want my Bruidegom bevredig my verlangende hart. Ek sal Hom toelaat om my te kus en te omhels. Hy het my passievol en onvoorwaardelik lief en ek is ook lief vir Hom!

- Ek is aanvaarbaar, ek is waardig en ek is geliefd!
- Ek sal myself nie meer verwerp nie. Ek kies om myself lief te hê en te aanvaar. Ek is nie meer hard op myself nie en sal myself of ander nie meer oordeel nie.
- God hou nie rekord van my foute nie en ek kies om ook sò genadig teenoor myself te wees. Ek vergewe myself vir alle foute, onverstandige besluite en vir al my sondes.
- Yashuah het my vergewe en daarom kan ek myself ook vergewe. Sy Bloed het vir my sondes betaal. Hy het die sluier geskeur sodat ek God se heilige troonkamer met vrymoedigheid kan binnegaan sonder vrees, skuld of onwaardigheid.
- Ek het nie mense se aandag nodig om my waardig en belangrik te laat voel nie. Ek het die onverdeelde aandag van my Verlosser en Minnaar, Jesus Christus! Hy het my lief en gee om vir my. Hy hou my vas en troos my. In sy liefdevolle arms is ek veilig!
- Ek is nie meer hartseer nie, maar gevul met vreugde en passie.
- Ek is nie meer teleurgesteld in die liefde of in die lewe nie, want God bevredig my siel.
- Vandag neem ek my vreugde terug en ook al die ander dinge wat van my gesteel is!

Ek voel nie meer dat ek **aangeval** of **bedreig** word nie en is nie in **gevaar** nie.

- Ek hoef nie meer uit gevaar te ontsnap nie. Ek hoef nie te veg, op vlug te slaan of te vries nie. Ek word nie bedreig nie. Ek word nie aangeval nie. Ek is nie vasgekeer in 'n hoek nie.
- Ek bring na U enige gevoel dat ek onbeskermd en onveilig is.
- Ek is nie hulpeloos nie, want God is my Helper.
- Ek kanselleer alle verwarring en verklaar dat ek in die regte rigting beweeg en geen konflik oor my posisie of rigting in die lewe het nie.
- Ek word nie meer verwurg nie. Ek voel nie meer dat ek versmoor nie en kan vry asemhaal!

- Dinge word nie meer op my afgeforseer nie en ek ly nie meer onder opgehoopte en onopgeloste situasies en opgehoopte stres nie.
- Ek is nie meer gedestabiliseerd en van balans af nie.
- Ek kies om die lewe lief te hê, om die lewe te geniet en om die lewe te omhels!

Ek bring na U alle **ontnugtering** en **teleurstelling** met betrekking tot my **drome wat aan skerwe** is ten opsigte van die mense wat ek liefhet, verhoudings, finansies, my besigheid, my kinders en my verwagtinge van die toekoms. Ek verklaar vandag dat alles vir my ten goede meewerk, want ek het Yashuah lief en Hy het my lief. Vandag gee God my 'n nuwe droom, 'n nuwe passie, 'n nuwe visie en Hy sal dit deursien! Vandag is vir my 'n nuwe begin!

Ek vra U, Jesus, om alle **negatiewe emosies** te vervang met U Goddelike Liefde, met Vrede, Vreugde, Lankmoedigheid, Sagmoedigheid, Goedheid, Geloof, Barmhartigheid, Gematigdheid. Ek onderwerp my aan U wil gedurende die proses waartydens hierdie eienskappe in my lewe geïnkorporeer word. Ek is bereid om getransformeer te word na U beeld!

My **opinie is waardig**. Ek sal myself nie meer onderdruk nie.

- Ek hoef nie meer my onuitgesproke opinies te sluk nie.
- Ek kan myself verdedig. Ek het die reg om te praat en om gehoor te word.
- My opinies gaan nie onopgemerk verby nie.
- Ek kan met vrymoedigheid my behoeftes en gedagtes uitdruk, terwyl ek voortdurend sensitief en bedagsaam teenoor ander is.
- Ek sal nie meer my gevoelens agter stilbly wegsteek nie. Ek kan kommentaar lewer, deelneem aan gesprekke en besluite neem.
- Ek kanselleer alle skuld oor wat ek gesê het of wat ek nie gesê het nie.
- Ek kan “nee” sê wanneer ek misbruik word. Ek kan vir Satan “nee” sê wanneer ek versoek word. Ek kan “nee” sê vir negatiewe denkpatrone en selfbeskuldiging. Ek kan sê: “NEE!”

Ek bring na U alle **dubbelhartigheid** - alle konflik tussen die vroulike en manlike natuur, konflik of ek God wil dien of die wêreld wil liefhê, 'n oorwinnaar wil wees of 'n slagoffer. Ek bely dat ek louwarm is en kies om God, my gesonde seksualiteit en oorwinning te omhels!

Ek bring nou na U kruis enige vrees en weerstand teen **verandering**.

- Ek sal nie meer verandering vermy, verwerp of weerstaan nie... Ek is nou in staat om positief op te tree en te reageer op veranderinge in my lewe.
- Ek besef vandag dat dit juis verandering is wat my dikwels lei tot 'n volgende vlak van volwassenheid of seën.
- Niks sal my meer daarvan weerhou om op enige gebied van my lewe volwasse op te tree en goeie besluite te neem nie.
- Ek is nie meer vasgevang nie! Ek kan beweeg! Die lewe is nie meer swaar nie!

Ek is nie meer bang en onwillig om die lewe om my te **sien** en te **hoor** nie.

- Ek sal nie meer weier om te sien wat voor my is nie. Ek kies om te sien wat vir my voorlê in die toekoms en ek besluit om dit wat agter my lê te laat gaan!
- Ek vrees nie meer die toekoms, veroudering, mislukking, verlies of die dood nie.
- Ek sien uit na my toekoms met vreugde!
- Net so kies ek om nie meer my ore toe te druk en weg te kruip van onaangename, beledigende en koue woorde wat in my verlede teenoor my of van my gepraat is nie.
- Ek bring my begeerte na vriendelike en liefdevolle woorde na Yashuah.
- Ek kies om na God se Woord te luister en Hom toe te laat om my ore te vul met woorde van liefde en hoop. Ek kies om na God se stem in my innerlike mens te luister en om op Sy stem te reageer.

Ek bely dat ek vasgehou het aan my **verlede** en aan my vroeëre leefstyl.

- Ek kies om vandag alle negatiewe herinneringe en vorige gewoontes te laat gaan.
- Ek verklaar dat geen herinneringe te moeilik is om te hanteer nie.

- Ek sal nie meer enige ou wonde voed en koester nie.
- Daar is niks meer wat vrot, giftig of gefermenteerd is, as gevolg van toksiese denkpatrone of gedagtes van wraak binne-in my nie.
- Ek gee gewilliglik alle wrokke en onvergewensgesindheid op.
- Ek verklaar dat ek nooit geloof sal verloor nie en dat ek nooit sal moed opgee nie! My toekoms is onafhanklik van my verlede!
- Ek wil my verlede nou gewilliglik laat vaar om eerder my toekoms te kan omhels. U Woord sê dat enige persoon wat aan die verlede vashou, nie geskik is vir die Koninkryk van God nie, omdat hy voortdurend deur die herinneringe en die stryd van die verlede op ‘n syspoor gebring word.
- Ek plaas my fokus op U, om tot voordeel van die Koninkryk van God te kan funksioneer.
- Ek maak 'n 180 grade omkeer en laat die wêreld en die verlede agter my, om my gesig te draai na die kruis en my Verlosser!
- Ek vra U nou, Jesus, om my permanent te skei en te ontknoop van my verlede en van die gevolge wat my verlede op my siel en op my bloedlyn gehad het.
- Ek vra U om alle slegte en seer herinneringe uit my langtermyn- en korttermyngeheue te verwyder, uit my bewussyn en onderbewussyn, en om my te vul met U Dunamis Krag en met U vrede.

Ek kanselleer alle vuilspel en **vuil ervarings** uit my verlede en in my bloedlyn.

- Ek bring alle seksuele vuilheid, vuil geheime, Vrymesselary, onreg, verleiding en bedrog na die kruis.
- Ek kanselleer alle gevoelens van verraad, die gevoel dat ek verkul word en in die rug gesteek word.
- Ek bring na U alle gevoelens dat ek vuil is, as gevolg van dinge wat met my gebeur het of wat ek toegelaat het. Ek verklaar vandag dat U Bloed my ten volle reinig en skoonmaak!
- Ek vra U om my vertroue te herstel en alle teleurstellings in my lewe te genees.

Ek verklaar dat alle gevolge van **seksuele sonde**, werklik of simbolies, gekanselleer is in my DNS, geslag en bloedlyn, terug tot by Adam en Eva, en vorentoe na my nageslag.

- Alle molestasie, bloedskande, aborsie, owerspel, bestialiteit, pornografie, masturbasie, seks met kinders, sodomie, verkragting en homoseksualiteit word gekanselleer deur die Bloed van Jesus!
- Daar is geen seksuele konflik of frustrasie in my lewe nie.
- Ek is gemaklik met my seksualiteit as 'n man/ vrou. Ek kanselleer, in die Naam van Yashuah, alle konflik tussen die vroulike en manlike natuur. Ek het geen seksuele aangetrokkenheid tot, of enige begeerte, na mense van dieselfde geslag nie. Die Bloed van Yashuah reinig my DNS en dié van my bloedlyn van enige homoseksuele merkers en van alle seksuele perversie.
- Ek kanselleer alle leuens dat seksualiteit vuil is.
- Ek kanselleer devaluasie van my geslag, geslagsdele en seksuele vermoëns.
- Ek het 'n gesonde seksuele verhouding met my man/vrou en geniet dit om seks te hê.
- Ek sal reproduktief wees, soos God my geskep het om te wees.
- As ek nog nie getroud is nie, het ek geen probleem om rein te bly tot my huwelik nie. Ek verklaar dat ek nie meer vuil begeertes het nie.
- Ek bekeer my van enige seksuele perversie in my lewe en in dié van my bloedlyn.
- Ek word vandag genees van enige seksuele vernedering, skaamte en mishandeling. Ek kanselleer alle devaluasie van my fisiese liggaam.
- Ek verklaar dat ek genees is van alle seksuele dade wat op my afgeforseer is.
- Ek aanvaar vandag, Yashuah, U genesing van enige wonde wat aan my siel en liggaam aangerig is, as gevolg van seksuele dade wat my beroof het van my onskuldige kinderjare en/of my maagdelikheid. Vandag is ek vry!
- Ek kanselleer alle probleme en vloeke wat verband hou met onvrugbaarheid, miskrame, moeilike geboortes, noodkeisers, fetale dood in die baarmoeder en fetale gestremdhede. Ek bring na U kruis alle vrees om **swanger** te raak, vrees om swanger te wees, om gestremde kinders te hê en om my baba te verloor. Ek

bring na U alle vorige ongesonde verhoudings wat die konsep gebring het dat seks en swangerskap vuil is.

Ek kanselleer alle negatiewe gevolge van sonde op my **gedagtes, brein, geheue en intelligensie**.

- Ek verklaar dat my kort- en langtermyngeheue herstel is.
- Ek verklaar dat ek die denke van Christus het!
- Ek sal nie meer redeneer deur my vleeslike verstand te gebruik nie!
- Ek sal nie meer beïnvloedbaar en ontvanklik wees vir verkeerde invloed nie.
- Ek sal nie meer verandering weerstaan en situasies oordink nie.
- Ek voel nie meer dom nie! Ek is intelligent en kan die waarheid van God verstaan.
- Ek verklaar dat my breinfunksionering normaal en perfek is.
- Ek kies om my gedagtes te vernuwe en ek neem elke gedagte gevange onder gehoorsaamheid aan Jesus.
- Ek vra U om my bewuste en onderbewuste verstand deur U Bloed te reinig en om alle negatiewe emosies en pynlike herinneringe permanent uit te wis.
- Ek is nie meer dubbelhartig en verward in my denke nie!

Ek kanselleer alle **onopgeloste kwessies** in my lewe, rakende gebroke en koue verhoudings en verhoudingsprobleme, trauma, seer en vuilheid. Ek kies om alle onopgeloste woede en bitterheid, as gevolg hiervan, nou neer te lê. Ek kies om nie langer hierdie las te dra nie!

My **werk** word gewaardeer en gerespekteer.

- Ek hou van wat ek doen. Ek is nie afwesig en onbetrokke by my werk nie. My grondgebied by die werk word nie bedreig nie.
- Ek is professioneel en bekwaam en my teenwoordigheid by die werk maak 'n goeie verskil. Ek is ‘n aanwins vir my werk!
- Ek is nie 'n mislukking nie, maar 'n oorwinnaar deur die Bloed van die Lam.

Ek verklaar dat ek nie meer enige konflik met **outoriteit** ervaar nie.

- Ek is nie bang vir gesag nie en hoef myself nie meer teen gesagsfigure te verdedig nie.
- Ek hoef nie meer mee te ding of te kompeteer om mense met gesag te beïndruk nie.
- Ek onderwerp my gewilliglik onder die gesag wat God oor my aangestel het en dit sal nie meer vir my moeilik wees om gehoorsaam te wees nie.
- Ek erken en aanvaar ook die gesag wat aan myself gegee is om te regeer en te heers, soos Jesus dit deur Sy opstanding uit die dood aan my oorgedra het.
- Ek het Sy opstandingskrag in my om alle sondes te oorwin, alle aanvalle van demone, alle teëspoed en beproewinge.
- Geen wapens wat teen my gesmee word, sal voorspoedig wees nie!
- Ek kies om myself gewilliglik te onderwerp en verneder voor Yashuah. Ek lê my eie wil en planne neer en aanvaar Sy gesag oor my lewe. Ek is nie meer bang vir Sy gesag nie.

Ek keer nou gewilliglik terug na my **Eerste Liefde**, Yashuah HaMashiach. Ek sal Hom nie meer weerstaan of vermy nie. Ek sal nie meer uitstel om tyd saam met Hom deur te bring nie! Ek omhels Hom as my Toevlug, my Vesting, my Ligtoring en my Veilige Plek van Beskutting! Ek begeer om myself te reinig en skoon te was met die Bloed van Jesus en met Sy Woord. Ek is bereid om deur Hom geheilig te word. Hy maak my rein en heel. Hy maak my nuut en Hy herstel my. Ek is nie niemand nie, maar iemand! Ek het groot waarde – die Bloed van Jesus!

Ek breek en bestraf elke **generasievloek** en elke ander **vloek** in Jesus se Naam, of dit die gevolg is van ooreenkomste met die duisternis, woorde wat teen my gespreek is, of my eie foute.

- Elke vloek van sonde, siekte, armoede, depressie, dood en skeiding van God, gaan!
- Elke vloek van seksuele perversie, gaan! Onmiddelik!

- Elke vloek wat oor my bloedlyn losgelaat is, as gevolg van goddelose ooreenkomste, word vandag verbreek deur die Bloed van my Verlosser, Jesus Christus!

Ek kanselleer alle gevoelens van **self-devaluasie**, devaluasie van my familie, my ouers, my werk, verhoudings, posisie, gebied, my estetiese waarde en intellek, in die Naam van Jesus.

Ek bring vandag na U troon my begeerte om myself te **isoleer**.

- Ek sal nie meer kontak met my ouers, familie of enige ander individu vermy nie.
- Ek sal nie meer probeer om van die lewe en sy verantwoordelikhede te ontsnap nie.

Ek verklaar dat my **grondgebied** nie meer bedreig word nie.

- My persoonlike ruimte word nie meer binnegeval nie. Onder God se toesig is ek in beheer van my gebied en niemand kan my destabiliseer nie. Ek is in beheer, sonder om manipulerend of verdedigend te wees.
- Yashuah is my Rots en ek staan stewig op hierdie rots.
- Ek bring alle konflik in my gebied na U toe, met betrekking tot boelie by die skool of manipulasie by die werk.
- Ek bring alle vrees en onsekerheid in my gebied na U toe, met betrekking tot my huis, my nes, my stam. Ek is georganiseerd in my gebied en ek erken en respekteer my grense.
- Ek kies vandag om nie ander mense se gebied te bedreig, as gevolg van my eie onsekerhede nie. Ek kies om nie met ander mee te ding vir hul grondgebied nie.
- Ek herken vandag die grense van my eie gebied. Ek onderwerp myself gewilliglik aan God om my in Sy wysheid te lei, sodat ek effektief in my eie gebied sal funksioneer en volwasse sal optree.

Ek ly nie meer aan enige **eetversteurings** nie.

- Ek geniet wat ek eet. Ek sal myself nie meer straf deur te eet of te braak nie.
- Ek sal myself nie meer straf deur glad nie te eet nie. Ek seën die kos wat God voorsien!
- Ek smag nie meer na beskerming en koestering van my ma of enige ander persoon nie.
- Yashuah is my Beskermer. Hy koester my en troos my.
- Ek hoef nie meer te eet om myself te troos nie.
- Ek kanselleer die Liefdelose Gees in my lewe en bloedlyn en erken vandag dat Jesus Sy liefde vir my eens en vir altyd bewys het toe Hy vir my aan die kruis gesterf het.
- Ek hoef nie meer elders na liefde te soek nie.
- Ek keer terug na my Eerste Liefde. Ek behoort aan my Beminde en my Beminde aan my.
- Ek is nie meer krities oor my fisiese voorkoms of my gewig nie.
- Ek bring vandag alle herinneringe aan honger en armoede in my bloedlyn na U voete.

Ek kanselleer alle konflik met my **vader**.

- Ek sal nie meer kontak met hom vermy nie.
- Ek ly nie meer omdat ek nie erkenning by my pa ontvang het nie.
- God is my perfekte Hemelse Vader en my selfbeeld hang nie af van my aardse vader se mening oor my nie.
- God herken en erken my en Hy het my passievol lief.
- Hy vul enige leemtes wat in my siel oorgebly het, as gevolg van my aardse pa se onvermoë om my te koester, te verdedig en te beskerm...
- Ek is nie meer hartseer, as gevolg van my pa se afwesigheid in my lewe nie.
- Ek verklaar dat God alle verwerping genees wat veroorsaak is deur my aardse vader se mishandeling, aanranding en molestering.

- Ek is nie meer bang om verlaat te word, verwerp te word of om verbaal of fisies mishandel te word nie.
- Ek keer terug na U as my Vader. My veiligheid en sekuriteit lê in U.
- Die Liefdelose Gees word vandag gekanselleer en ek voel nie meer ongeliefd nie.
- Ek het geen onopgeloste probleme met my pa nie.
- Ek self is 'n liefdevolle vader. Ek verstaan en beskerm my kinders en tree met respek teenoor hulle op. Ek is nie meer bang vir my verantwoordelikhede as pa nie. Ek is 'n goeie pa en 'n goeie geestelike leier vir my familie.

Ek is nie meer onder die invloed en beheer van 'n oorbeskermende **moeder** nie.

- Ek kanselleer nou alle negatiewe invloede wat 'n gebrek aan koestering van my ma, 'n oorheersende ma of die manier waarop sy my verwerp het, op my gehad het.
- Ek is nie meer bang om verlaat of verwerp te word of om verbaal of fisies mishandel te word nie.
- Ek het nie meer my ma se beskerming nodig om te oorleef nie. Ek floreer omdat Yashuah my Beskermer is en die Ruach HaKodesh my Trooster is. Hy is my Sekuriteit.
- Ek verklaar vandag dat my verhouding met my ma herstel is.
- Ek het geen onopgeloste konflik met my ma nie en ek self is 'n goeie ma.
- Ek is vol begrip, liefde en koestering.
- Ek is nie oorbeskermend nie en ek beheer ook nie my kinders nie.
- Ek is nie meer onseker oor my rol as ma nie.

Ek bring na U voete alle **herinneringe en geheime** uit my bloedlyn wat my bang gemaak het om in hierdie familie **gebore** te word en om hierdie wêreld in die gesig te staar.

- Ek bring na U al my ma se emosies en vrese, as gevolg van verkragting, mishandeling, egskeiding, familietwis, vrees om haar baba te verloor of as gevolg van enige ander kwetsende situasies, terwyl sy swanger was met my.
- Ek kanselleer alle gewaarwording wat ongebore babas in die verlede gehad het, of dalk in die toekoms mag hê, dat hulle nie welkom is in hierdie familie, of nie veilig voel in hierdie familie nie. Ek kanselleer alle gewaarwording dat hulle ongewens is as gevolg van hul geslag of omdat die swangerskap nie beplan was nie.
- Ek verklaar vandag dat alles wel was met my in my moeder se baarmoeder.
- Ek het genoeg suurstof en ruimte in my ma se baarmoeder gehad.
- Ek was veilig in my moeder se baarmoeder, want Yashuah het my beskerm.
- Ek was geliefd en welkom, selfs as 'n ongebore baba.
- Ek verklaar dat die bevalling goed verloop het, en dat ek gebore is met 'n Goddelike doel!

Ek verklaar dat alle **verhoudingsprobleme** in my **familie** herstel is.

- Ek bring na Yashuah alle familie devaluasie. Ek skaam my nie meer vir my familie nie, ek is nie meer van hulle geskei nie en hoef nie meer teen hulle beskerm te word nie.
- Ek is nie uitgesluit van my familie nie.
- Daar is nie meer misverstande en skeiding tussen ouers, broers en susters of tussen ouers en hulle kinders nie. Ek wil nie meer my familie verlaat nie.
- Ek verklaar dat al my familielede mekaar beskerm en ondersteun.
- Ek het nie meer 'n gevaarlike en toksiese gesinslewe nie.
- Daar is nie meer 'n afwesigheid van teerheid, liefde en aandag in my familie nie.
- Ek bring alle oop wonde uit my kinderjare na U, weens mishandeling.
- Ek bring na U enige wonde in my siel, as gevolg van kwessies wat verband hou met die geboorteposisie wat ek in my familie gehad het, of ek nou die eersgeborene, laasgeborene, middelkind, laatlam of enigste kind was. Ek bring

enige skade aan my siel na U troon, omdat ek die begunstigde en bedorwe lid van die familie was of omdat ek die uitgeworpene en die swartskaap was.

- Ek bring na U alle hartseer omdat ek na my broers en susters moes omsien en omdat die verantwoordelikhede wat ek gedwing was om te vervul, onvanpas was vir my ouderdom.
- Ek kanselleer alle familietwis. Ek kanselleer alle verraad en onreg wat verband hou met erflatings, seksuele perversie, egskeiding, finansies of enige ander saak.
- Ek kanselleer alle insidente van plundering in my bloedlyn en bring daardie herinneringe na die kruis.

Ek kanselleer alle **konflik en devaluasie** in my **nes**.

- Ek kanselleer alle ongelukke, siektes, dood, ongesonde vriendskappe, twis, vegtery, misverstande, verliese, werkloosheid, finansiële stres, afwesigheid, skeiding, geweld en gevaar in my familie en nes.
- Ek bring na U enige onbewuste afwykings in die verhouding tussen my ouers en enige ervaring wat ek gehad het dat een my optrek en die ander my aftrek.
- Ek word nie meer bedreig deur iemand in my familie, wat my eintlik moes beskerm nie.
- Ek is 'n goeie ouer vir my kinders en 'n goeie kind vir my ouers.

Ek is nie meer onseker oor my **identiteit** nie.

- Ek weet wie ek is en ek weet presies wat my plek en posisie is in die lewe, in die samelewing, in my familie en in die koninkryk van God.
- Ek hoef nie te soek na my plek in die lewe, my familie of die Liggaam van Christus nie.
- Ek is nie uitgesluit van my familie of van die samelewing nie, maar is 'n gewaardeerde en gerespekteerde lid. Ek vind dit nie meer moeilik om te sosialiseer nie.

- Ek is geskape na die gelykenis en beeld van my Abba Vader. Ek is 'n kind van die Allerhoogste en ek is waardig! Ek is 'n koninklike priester. Ek behoort aan my Geliefde en my Geliefde is myne. Ek is teruggekoop met Sy kosbare Bloed.
- My beeld, selfbeeld, eer, waarde en identiteit is nou herstel!

Ek verklaar dat my totale **liggaam** volkome **gesond** is.

- Ek verklaar dat elke orgaan, aar, spier en been nou heeltemal herstel word.
- Ek verklaar dat my immuunstelsel sterk en gesond is.
- Ek verklaar dat alle chemiese, elektriese en ander wanbalanse herstel is.
- Alle T-selle, ensieme, witbloedselle en enige beskadigde selle of organe is herstel.
- Sy Bloed genees nou alle outo-immuun siektes, oorerflike siektes en chroniese siektes.
- Ek verklaar dat alle kortisol-, serotonien-, kalium- en hormoonvlakke herstel word.
- Deur Sy wonde is ek goddelik genees!
- Ek is nie meer moeg en swak nie, maar vol fisiese en geestelike energie!

Ek bid, Here, dat U nou die **Dunamis Krag** en **Ruach HaKodesh** in en oor my liggaam, siel en gees sal uitstort, oor my DNS en bloedlyn, oor my geslagte en nakomelinge.

- Ek verklaar en beveel dat my DNS, my bloedlyn, my geslag, my familie en my afstammelinge ten volle herstel is.
- Vandag ontvang ek met vreugde my emosionele en fisiese genesing!
- My liggaam en siel is nie meer moeg en swak nie, maar sterk en gesond!

Ek verklaar dat die uitwerking van elke siekte, goddelose denkpatroon en sonde deur Jesus Christus gekanselleer, herroep en nietig verklaar is.

- Ek verklaar dat my gees, siel en liggaam ten volle herstel is. Die prys is reeds betaal! Hy het al my laste, vloeke en siektes aan die kruis gedra!
- Ek verwerp en vervloek alle siektes en hulle wortels tot in ewigheid!
- Vandag nooi ek die Prins van Vrede om in my te bly.

- Ek verklaar dat Yashuah in my woon en ek leef in Hom. Daarom is ek nie nutteloos nie, maar kosbaar in Sy oë. Ek word gevoed deur God self. Hy is my Voorsiener, my Beskermer, my Sekuriteit, my Redding en my Toevlug. Ek is vry in Jesus Christus!
- Yashuah lei my in alle waarheid oor myself, my omstandighede en oor Sy Koninkryk en ek kies om Sy waarheid te glo. Die waarheid maak my vry!

Met gesag spreek ek nou die volgende **geeste** aan!

- Gees van **swakheid en siekte**, ek beveel jou vandag, in Yashuah se Naam, om uit my lewe, my liggaam en my bloedlyn te gaan! Nou!
- Ek beveel jou, **Gees van die dood**, om uit my lewe en uit my bloedlyn te gaan! Nou!
- **Doofstom** gees, ek beveel jou om te gaan!
- **Bose Gees**, gaan!
- **Kundalini**, gaan!
- **Leviatan**, gaan uit!
- **Jezebel**, ek beveel jou nou om te gaan!
- Nie een van julle het 'n wettige reg om te bly nie. Gaan uit!

Ek onderwerp my gewilliglik aan U en sal na U stem luister terwyl U my voortdurend leer, lei, heilig, oortuig en tot volwassenheid korrigeer. Ek verklaar dat ek heeltemal genees is deur U wonde! Ek verklaar dat daar geen bewyse in my liggaam of siel oor is van enige wortels, vloeke of siektes nie. Dankie vir U Bloed, Yashuah. Dankie dat U die prys betaal het! Ek verklaar dat God die Heerser op elke gebied van my lewe is - in my huwelik, my familie, my beroep, my gesondheid, my gedagtewêreld, my geloof, my finansies. Ek is totaal vry, want U uitgeroep:

**"Tetelestai!" Dit is volbring, my Bruid!**

# BIND EN ONTBIND

# PRAAT MET JOU BERG

### IDENTIFISEER DIE BERG

Ek praat met die berg wat huidiglik in my pad staan! In die Naam van Jesus sal ek jou nie toelaat om teen my outoriteit te staan te kom nie! Jy sal op geen manier inmeng met God se plan nie of my weerhou daarvan om my opdrag uit te voer nie! In die Naam van Jesus bestraf ek elke bose gees wat jou vergesel en wat my seëninge en deurbrake verhinder!

- Ek praat nou met die **Bose Gees** wat in my lae rug werk! Ek het jou uitgevang, in die Naam van Yashuah en beveel jou om onmiddelik my liggaam te verlaat!
- Ek het jou uitgevang, **Kundalini**! Ek weet jy werk in die chakras in my rug! Ek het àl die krag en outoriteit van Yashuah ontvang om jou te beveel om my liggaam en bloedlyn onmiddelik te verlaat! Gaan uit!
- **“Twisted Serpent”,** ek het jou uitgevang, in die Naam van Yashuah! Jy is die een wat die lewe uit my probeer druk! Ek weet jy werk saam met die Leviatan en met Jezebel en vandag is julle uitgevang! Ek beveel jou om onmiddelik uit jou nes te kom en jouself onder die voete van Yashuah te werp as Sy voetbank! Here, ek vra nou dat U asb U engel, Michael, sal stuur om hierdie “Twisted Serpent” te verwyder en om sy nes, alle eiers en klein slange wat uitgebroei het, totaal te vernietig!
- **Leviatan**, in die naam van Yashuah HaMashiach, verloën ek jou en sny jou af van Jezébel! Ek beveel jou om my liggaam onmiddellik te verlaat! Gaan uit my skouers en nek, in Yashuah se Naam! Jy het hoegenaamd geen wetlike reg om in my liggaam of in my bloedlyn te werk nie.
- Ek praat nou met die **seekat** met tien tentakels! Ek het jou gevang in die naam van Yashuah HaMashiach! Ek beveel jou om my liggaam, my bloedlyn, my tydlyn, my huishouding, my huwelik, my finansies en alle verhoudings, wat jy

probeer vernietig deur manipulasie en beheer, te verlaat. Jy is nie meer welkom hier nie. Ek beveel jou nou in Yashuah se naam om direk onder die voete van Yashuah HaMashiach in te beweeg as sy voetbank.

In die Naam van Yashuah breek ek nou alle KRAG, alle kommunikasielyne van Heksery, owerspel, afgodsaanbidding, toordery, enige geeste van onsekerheid, verwerping, trots, arrogansie, manipulasie, beheer, rebellie, hardkoppigheid, jaloesie en twis.

- Ek breek die KRAG van Jezebel oor my en my generasie, in Jesus Naam! **Jezebel**, ek praat nou met jou! Ek breek jou kommunikasielyne en toorkrag reg nou, in Jesus Naam! Ek sny dit af en breek dit deur die bloed van Jesus Christus!
- **Moegheid,** in Jesus Naam beveel ek jou nou om my liggaam onmiddelik te verlaat! Ek het jou uitgevang en ek weet jy is die resultaat van die Jezebel vesting. Jy het geen wetlike reg in my liggaam meer nie! Ek laat nou Opstandingskrag vry oor my liggaam, siel en immuunstelsel! Ek verklaar dat my immuunstelsel, liggaam en siel sterk en in uitstekende toestand is!
- **Ek praat nou met alle Pyn! In die naam van Jesus, uit my liggaam uit! NOU!**

Ek vra nou dat U asb U Balsem van Gilead in en oor my liggaam, siel en gees sal uitstort vir volle restourasie en genesing. Ek verklaar dat ek genees is deur U wonde!. Ek verloën elke siekte! Ek beveel in besonder die Corona virus om onmiddelik dood te gaan! Ek wend die Bloed van die Lam aan oor my liggaam, siel, gees en elke ingang. Ek verklaar dat die Bloed my beskerm, want daar is Krag en Lewe in die Bloed! Die Bloed reinig, genees en beskerm! Ek verklaar nou in die Hemelse Hof dat daar geen kommunikasielyne of ongoddelike kontak is tussen my en enige persoon of voorwerp nie, in die Naam van Yashuah HaMashiach!

**Dankie, Jesus, vir my vryheid!**

*www.berashithministry.co.za*

*BethesdaHealingOasis@gmail.com*

Berashith is the Hebrew for “In the Beginning”:
**The Son of God willingly destroyed Himself on the Cross**

*“I am the Bright Morning Star - surely I come quickly”*
Revelation 22:16, 20

*BethesdaHealingOasis@gmail.com*



Berashith
MINISTRY

www.berashithministry.co.za

BethesdaHealingOasis@gmail.com